MARIA HORDEN

ARBEIDSTERAPEUT

Pr No. 6616771

Tel: (012) 252 5058 | ***Sel: 0837379897*** | **De Boer Straat 12**
Fax: (012) 252 3836 | **Brits**
0250

Geagte Hoof, Personeel en Leerders van Laerskool Bakenkop

Dit was vir ons, Maria Horden, en Hannelie Zwarts, weereens ‘n groot voorreg om, soos in die verlede, weer kursusse by u skool te kom aanbied. Op Donderdag 29 Mei 2010 het ons die Leeskursus vir die Graad 4 Groep aangebied en op Donderdag 13 Mei 2010 het ons die Graad 5 Groep vir Studiemetodes gehad.

Ons wil u skool en personeel komplimenteer vir die puik reëlings, vooraf, tydens die kursus en na afloop van die kursus. Met ons aankoms is die leerders reeds gereed by hul banke in die saal, die oudiovisuele toerusting is uitgepak en daar is altyd onderwysers teenwoordig om te help met die toesig. Nie dat dit nodig is nie. Dit bring my juis by die tweede aspek waaroor ons die skool wil geluk wens.

Laerskool Bakenkop het die mees gedissiplineerde leerders wat ons nog in die aanbieding van ons kursusse teëgekom het. Die idée om met ‘n saal van 80 tot 100 Graad 4 of Graad 5 leerders te werk het aanvanklik na ‘n moeilike taak geklink. Veral as daar van hul verwag word om vir 4 ure stil te sit en te werk.

In al die jare wat ons die kursus aanbied was die beheer van die groot groep nog nooit ‘n probleem by Laerskool Bakenkop nie. Die leerders is rustig, werk saam, luister en voer die opdragte uit wat aan hul gestel word. Hul gedrag onverbeterlik. Dit is werklik ‘n plesier om met hulle te kan werk.

Weereens, personeel en ouers, geluk met u pragtige leerders! Dit is ‘n voorreg om jaar na jaar die kursus by u te mag kom aanbied. Baie dankie ook daarvoor.

Groete.

Maria Horden en Hannelie Zwarts